SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

OOS VRYSTAAT KAAP Bedryf Bpk. Operations Ltd.
Reg. 1999/004069/06 | FSP No. 909 | NCRCP619

Hoofkantoor/Head Office
Dan Pienaarstraat/St 19
Ladybrand 9745
Posbus/P.O. Box 96,
Ladybrand 9745
Tel: 051 923 4500
E-pos/Email: klantediens@ovk.co.za
www.ovk.co.za

Streekkantore / Regional Offices
Burgersdorp Tel: 051 653 1855
Cradock Tel: 048 881 3484
Ficksburg Tel: 051 933 7662
Hopetown Tel: 053 203 9200
Port Elizabeth Tel: 041 406 7500
Bloemfontein Tel: 051 011 1592
E-pos/Email: clientservices@ovk.co.za

3 Januarie 2023

# 2023 RUGBY WERELDBEKER MASSEY FERGUSON KOMPETISIE TERMES EN VOORWAARDES GELD

Geagte OVK Meganisasie Kliënte

U het moontlik reeds in verskeie media asook sosiale media kennis geneem van ʼn geleentheid om saam met AGCO SA, die verspreider van Massey Ferguson produkte in Suid Afrika, die 2023 Rugby Wêreldbeker in Frankryk te kan bywoon gedurende September en Oktober hierdie jaar. Een van AGCO se fabrieke waar die bekende Beauvais trekker vervaardig word, is ook gesetel in Frankryk en is deel van die geleentheid ook om die uitsonderlike fabriek te kan besoek.

Al wat u moet doen is om by OVK Meganisasie, die eksklusiewe handelaar van Massey Ferguson in die Oos-Vrystaat, Noord- en Oos-Kaap, ʼn nuwe Massey Ferguson produk aan te koop oor die tydperk November 2022 tot Februarie 2023. Indien u enige item aankoop in die periode, word u besonderhede deurgegee aan AGCO SA wat maandeliks ʼn trekking het van al die kliënte wat in die voorafgaande maand Massey Ferguson produkte aangekoop het. Die gelukkige kliënt sal ʼn betaalde reis vir twee wen wat vliegtuigkaartjies, verblyf asook Rugby Wêreldbeker kaartjies insluit. (Kliënte wat kwalifiseer sal egter self verantwoordelik wees vir sy eie paspoort en Visumkoste)

OVK Meganisasie het ook die geleentheid om ʼn beperkte hoeveelheid kliënte wat OVK ondersteun deur enige nuwe Massey Ferguson produk in die periode 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 aan te koop en nie in een van die gelukkige trekkings ʼn reis kon wen nie, saam te neem as gaste.

Hoe kwalifiseer u vir so ʼn geleentheid?

Kategorie 1. Bedryfspunte wat vier klante saam kan neem binne die kwalifiserende reëls van AGCO SA.

a. *Kaartjie 1.*
   Die kliënt wat die hoogste Randwaarde nuwe Massey Ferguson produkte aangekoop het by die betrokke OVK Meganisasie Bedryfspunt vir die tydperk 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 kwalifiseer, indien nie reeds kwalifiseer vir enige ander kaartjie nie.

b. *Kaartjie 2.*
   Die kliënt wat die tweede hoogste Randwaarde nuwe Massey Ferguson produkte aangekoop het by die betrokke OVK Meganisasie Bedryfspunt vir die tydperk 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 kwalifiseer, indien nie reeds kwalifiseer vir enige ander kaartjie nie.



Direkteure / Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ Terblanche (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), SJ Botha, CD Cloete, QA de Bruyn, WJ du Toit, JCC Moll, S Oberholzer (Besturend/Managing), JZ Scheepers, JJ Swanepoel, FJ van Zyl, SO Vermeulen, D du Plessis (Sekretaris/Secretary)

*c. Kaartjie 3 & 4.*

Twee kliënte wat enige nuwe Massey Ferguson produkte by die betrokke OVK Meganisasie bedryfspunt aangekoop het vir die tydperk 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 met 'n minimum waarde van R300,000 (BTW uitgesluit) en nie kwalifiseer vir enige ander kaartjie nie, kan in 'n geluktrekking kwalifiseer.

Kategorie 2. Bedryfspunte wat twee klante saam kan neem binne die kwalifiserende reëls van AGCO SA.

*a. Kaartjie 1.*

Die kliënt wat die hoogste Randwaarde nuwe Massey Ferguson produkte aangekoop het by die betrokke OVK Meganisasie Bedryfspunt vir die tydperk 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 kwalifiseer, indien nie reeds kwalifiseer vir enige ander kaartjie nie.

*b. Kaartjie 2.*

Die kliënt wat die tweede hoogste Randwaarde nuwe Massey Ferguson produkte aangekoop het by die betrokke OVK Meganisasie Bedryfspunt vir die tydperk 1 Julie 2022 tot 30 Junie 2023 kwalifiseer, indien nie reeds kwalifiseer vir enige ander kaartjie nie.

Kategorie 3 **"Distribution Management Incentive" - Binne die kwalifiserende reëls van AGCO SA (Tot en met Junie 2023)**

*a. Kaartjie 1 & 2.*

Die twee kliënte wat die grootste Massey Ferguson aankope by die betrokke OVK Meganisasie Bedryfspunt op nuwe Heelgoedere, Onderdele en Werkswinkel vir die tydperk Julie 2022 – Junie 2023 by die betrokke Bedryfspunt kwalifiseer en wat nie reeds kwalifiseer vir enige ander kaartjie nie.

Alhoewel die moontlikheid bestaan dat al OVK se Meganisasie Bedryfspunte wel kan kwalifiseer, is dit belangrik om te weet dat geen OVK Bedryfspunt gewaarborg is van enige kaartjies nie, en sal finaliteit eers na 30 Junie 2023 bepaal kan word.

Dit is noodsaaklik dat sodra die genomineerdes in enige kriteria op die program bekend gemaak word, sal verseker dat hul visum betyds gereël word en ook hul paspoort in orde is met 'n vervaldatum van ten minste ses maande na die 28ste Oktober 2023 geldig is.

NB: Slegs produsente kan kwalifiseer vir enige kaartjies indien die kliënt binne die AGCO SA / OVK kontraktuele toegekende bedieningsgebied val.

Baie Dankie



Willie Dietrechsen
Senior Bestuurder: Meganisasie



Direkteure / Directors: CT Bender (Voorsitter/Chairman), FJ Terblanche (Ondervoorsitter/Vice-Chairman), SJ Botha, CD Cloete, QA de Bruyn, WJ du Toit, JCC Moll, S Oberholzer (Besturend/Managing), JZ Scheepers, JJ Swanepoel, FJ van Zyl, SO Vermeulen, D du Plessis (Sekretaris/Secretary)